	B	strooi		Die betekenis is verkeerd vertolk.		3	
	C	reën		Kan nie inligting relevant tot die teks weergee nie.		1	
	D	meng		Verkeerde verwysiging na ‘gooi’. Swak woordeskat.		2	
3.10	A	kleefvrye pan	1	Korrekte antwoord.	M	4	6
	B	kombuis		Kan nie onderskei tussen `n vertrek en `n bakgereedskap nie.		1	
	C	stoof		Verkeerde inligting weergegee.		2	
	D	bak		Interpreteer inligting verkeerd tydens leesproses. (begrip)		3	
3.11	A	pamflet		Kan nie onderskei tussen `n pamflet en `n resep nie.		2	6
	B	handleiding		Kan nie onderskei tussen `n handleiding en `n metode nie.		1	
	C	resep	1	Korrekte antwoord.	G	4	

	D	verslag		Kan nie onderskei tussen 'n handleiding en 'n verslag nie.		3	
3.12	A	Stap 1 -3 – 4 – 2	1	Korrekte antwoord.	M	4	6
	B	Stap 2 – 4 – 3 - 1		Verkeerde volgorde van gebeure.		2	
	C	Stap 4 – 1 – 2 – 3		Onseker oor die volgorde van gebeure.		3	
	D	Stap 3 – 2 – 5 – 1		Onbekwaam om die volgorde van gebeure korrek te groeppeer.		1	
3.13	A	5		Nie instaat om inligting uit teks te interpreteer en te verstaan nie.		1	6
	B	10	1	Korrekte antwoord.	M	4	
	C	30		Interpreteer teks verkeerd.		3	
	D	125		Verkeerde interpretasie van die vraag.		2	
3.14	A	vrylik		Verstaan die doel van die bywoord verkeerd.		3	6
	B	mildelik		Onbevoeg om die bywoord in 'n teks te vind.		1	
	C	matig	1	Korrekte antwoord.	G	4	
	D	oorvloedig		Verkeerde interpretasie van bywoorde.		2	
3.15	A	metafoor		Verwar woordsoorte met beeldpraak.		1	6
	B	bywoord		Werkwoord verkeerd geïdentifiseer as bywoord.		2	
	C	selfstandige naamwoord		Verwar selfstandige naamwoorde met werkwoorde		3	
	D	werkwoord	1	Korrekte antwoord.	M	4	
NO		VERWAGTE ANTWOORD	PUNT	DIAGNOSTIESE ANALISE	Kognitiewe vlak (M G, U)	Vlak van prestasie	Graad
3.16	A	pannekoek		Verstaan nie die doel van 'n byvoeglike naamwoorde nie. 'Pannekoek' is 'n selfstandige naamwoord.		3	6
	B	bak		Identifiseer bywoord verkeerd. Werkwoord is 'bak'.		2	
	C	geurige	1	Korrekte antwoord.	M	4	
	D	Moeder		Verwarring tussen byvoeglike naamwoord en selfstandige naamwoord.		1	
3.17	A	het pannekoek geëet.		Verstaan nie tydsvorme nie.		3	6
	B	sal pannekoek eet.	1	Korrekte antwoord.	G	4	

	C	koop pannekoek.		Kan nie toekomende tyd toepas nie.		1	
	D	eet pannekoek		Verwar teenwoordige tyd met toekomende tyd.		2	
3.18	A	voor		Verstaan nie voorsetsels nie.		3	5
	B	per		Kan nie die regte voorsetsel identifiseer nie.		2	
	C	op	1	Korrekte antwoord.	G	4	
	D	vir		Kan nie voorsetsels in `n teks vind nie.		1	
3.19	A	sal		Kan nie `n hulpwerkwoord in teks herken nie.		1	6
	B	gaan		Verwar tydsvorme.		2	
	C	het	1	Korrekte antwoord.	G	4	
	D	moes		Herken nie hulpwerkwoorde nie.		3	
3.20	A	pakkies.		Kan nie meervoudsvorme in teks vind nie.		1	4
	B	houere.		Skryf meervoude verkeerd.		2	
	C	houers.	1	Korrekte antwoord.	M	4	
	D	gehou.		Herken meervoude, maar pas dit verkeerd toe.		3	
3.21	A	gevriesde		Kan nie betekenis van teks begryp nie.		1	6
	B	gevlokte		Het nie woordeskat om `n sinoniem te identifiseer nie.		3	
	C	geklitste	1	Korrekte antwoord.	G	4	
	D	gesifte		Verkeerde gebruik van die sinoniem.		2	
3.22	A	daarom eet my broer baie koekies.		Herhaling van die onderwerp.		3	6
	B	dus koop hy sjokolade.		Nie instaat om sinne saam te voeg nie.		1	
	C	daarom eet hy baie daarvan.	1	Korrekte antwoord.	U	4	
	D	derhalwe eet hy baie.		Gebruik verkeerde punktuasie wanneer sinne saamgevoeg word.		2	
NO		VERWAGTE ANTWOORD	PUNT	DIAGNOSTIESE ANALISE	Kognitiewe vlak (M G)	Vlak van	Graad
3.23	A	geklits		Verkeerde keuse van antoniem . Kan nie teenoorgestelde herken nie.		2	7
	B	romerig	1	Korrekte antwoord.	G	4	
	C	stroop		Het nie woordeskat om `n woord te herken nie. (krummelrig.)		1	

	D	styf		Het nie woordeskat om `n antoniem uit teks te vind nie.		3	
3.24		Gooi die eier water, en melk mengsel in `n houer.	2	Korrekte antwoord.	G	4	6
3.25	A	Moeder het gesê "Die pannekoek is gereed."		Kan direkte rede toepas, maar verkeerde punktuasie is gebruik.		3	5
	B	Moeder het gesê dat die pannekoek gereed is.	1	Korrekte antwoord.	G	4	
	C	Die pannekoek is gereed moeder sê.		Nie instaat om sin in die direkte rede te skryf nie.		1	
	D	Moeder sê pannekoek is gereed.		Leerder het `n beperkte kennis van direkte rede.		2	
3.26	A	pannekoek		Kan nie eiename en selfstandige naamwoorde onderskei nie.		3	6
	B	eet		Verstaan nie die gebruik van eiename nie. 'Eet' is `n werkwoord.		1	
	C	liefde		Sukkel om woordsoorte te herken. 'Liefde' is `n abstrakte selfstandige naamwoord.		2	
	D	Sipho	1	Korrekte antwoord.	M	4	
3.27	A	kinders		Kan nie onderskei tussen voornaamwoorde en selfstandige naamwoorde nie		2	5
	B	pannekoek		Kan nie onderskei tussen voornaamwoorde en selfstandige naamwoorde nie		3	
	C	hulle	1	Korrekte antwoord.	M	4	
	D	die		Lidwoord en nie `n voornaamwoord nie. Herken nie lidwoorde nie.		1	

Vraag Vier: Koerantberig

NO		VERWAGTE ANTWOORD	PUNT	DIAGNOSTIESE ANALISE	Kognitiwe vlak (M, G, U)	Vlak van prestatie	Graad
4.1	A	Hero 24		Onseker oor spesifieke inligting.		3	4
	B	Nuus 24	1	Korrekte antwoord.	M	4	
	C	Durban		In teks, maar kan nie soeklees vir spesifieke antwoorde nie.		2	
	D	Herald		Buite konteks. Verstaan nie die vraag nie.		1	
4.2	A	Die hond was `n held deur `n ander hond te red en sy naam is ook Hero.	1	Korrekte antwoord.	G		5
	B	Twee honde met die naam Hero is op die treinspoor beseer.		Onseker oor spesifieke inligting.		2	
	C	Die hond het `n ander hond gered wat se naam hero is.		Buite konteks. Verstaan nie die teks en titel nie.		1	
	D	Hero was `n stoute hond.	1	verstaan nie teks nie	G	4	
4.3	A	vriend	1	Korrekte antwoord.	G	4	5
	B	lojaal		Kan nie betekenis van woord interpreteer nie (woordeskat.)		2	
	C	held		Verkeerde vertolking van die woord.		3	
	D	troeteldier		Buite konteks. Verstaan nie heeltemal die instruksie nie.		1	
4.4	A	Kaapstad		Buite konteks. Verstaan nie heeltemal die instruksie nie.			4
	B	Durban	1	Korrekte antwoord.	M	4	
	C	DBV		Verskyn in teks, maar herken nie die verskil tussen `n vereniging en `n stad nie.		2	
	D	Kus		In teks. Leerder neem aan dat dit `n stad is.		3	

4.5	A	lei.		In teks. Interpreter die betekenis verkeerd.		3	4
	B	beseer.		In teks, lees met begrip ontbreek.		2	
	C	voed.	1	Korrekte antwoord.	M	4	
	D	lek.		Nie in teks. Verstaan nie heeltemal wat gelees word nie.		1	

NO		VERWAGTE ANTWOORD	PUNT	DIAGNOSTIESE ANALISE	Kognitiwe vlak (M, G, U)	Vlak van prestatie	Graad
4.6	A	Shallcross		Soekleesvaardighede ontbreek. Verwar die naam van 'n plek met 'n van.		2	5
	B	Fogarty		Die enigste van in die teks. Verwarring kom voor.		3	
	C	Moloi	1	Korrekte antwoord.	M	4	
	D	Wicks		Verslaggewer se naam aan die einde van die teks word weergegee. Soekleesvaardighede en begrip ontbreek.		1	
4.7	A	desperaat		Kom in teks voor. Verwar voor. Woordeskat ontbreek		3	4
	B	liefdevol		Nie in teks nie. 'n Mate van woordherkenning kom voor.		2	
	C	stil		Nie instaat om woorde met dieselfde betekenis uit te ken nie.		1	
	D	skugter	1	Korrekte antwoord.	G	4	
4.8	A	honger.		Buite konteks. Verstaan nie die storielyn nie.		3	4
	B	beseer.		Buite konteks. Verstaan nie die storielyn nie.		2	
	C	skoon.		Buite konteks. Verstaan nie die storielyn nie.		1	
	D	veilig.	1	Korrekte antwoord.	G	4	
4.9	A	siek en ongesond.		Verkeerde afleiding gemaak.		3	6
	B	gesond en gelukkig.		Verkeerde afleiding gemaak.		2	
	C	siekerig, maar gelukkig.	1	Korrekte antwoord.	U	4	
	D	verlate en alleen.		Buite konteks. Nie in staat om eie afleiding te maak nie.		1	
4.10	A	honde voed		Buite konteks. Verkeerde afleiding van foto.		2	6
	B	lewens red.	1	Korrekte antwoord..	G	4	
	C	vinnig hardloop.		Buite konteks. Verkeerde afleiding van foto.		3	

	D	hoog vlieg.		Nie instaat om foto te ontleed.		1	
4.11	A	versorging		Verward met die tye van die werkwoord.		3	6
	B	versorg	1	Korrekte antwoord.	G	4	
	C	besorg		Verstaan nie verlede tyd nie.		2	
	D	gesorg		Buite konteks. Woordherkenning.		1	
NO		VERWAGTE ANTWOORD	PUNT	DIAGNOSTIESE ANALISE	Kognitiwe vlak (M, G, U)	Vlak van prestatie	Graad
4.12	A	Die hond kon nie beweeg, omdat die hond was verlam.		Verander nie die selfstandige naamwoord na voornaamwoord nie.		3	6
	B	Die hond kon nie beweeg nie, omdat hy verlam was.		Verstaan nie die gebruik van voegwoorde nie.	G	1	
	C	Omdat die hond kon nie beweeg nie, was hy verlam.	1	Korrekte antwoord.		4	
	D	Die hond kon nie beweeg nie. Die hond was verlam.		Gebruik nie voegwoord nie.		2	
4.13	A	homself	1	Korrekte antwoord.	M	4	6
	B	kyk		Verwar die voornaamwoord met die werkwoord.		2	
	C	hond		Verwar voornaamwoord met selfstandige naamwoord.		3	
	D	die		Die is `n lidwoord. Ken nie lidwoorde.		1	
4.14	A	1 - C; 2 - A ; 3 - B	1	Korrekte antwoord.	U	4	6
	B	1 - C; 2 - B ; 3 - A		Verkeerde interpretering van betekenis. (antonieme)		3	
	C	1 - D; 2 - C ; 3 - A		Verkeerde interpretering van betekenis. (antonieme)		2	
	D	1 - D ; 2 - B ; 3 - A		Geen kennis van antonieme nie.		1	

4.15	A	Die Hond is aangeneem deur `n familie van Durban.		Verkeerde gebruik van die lydende vorm.		3	6
	B	Die hond is deur `n familie van Durban aangeneem.	1	Korrekte antwoord.	G	4	
	C	`n Familie van Durban is deur `n hond aangeneem.		Verward met die gebruik van lydende vorm. (ondwerwerp en voorwerp.)		2	
	D	Die hond het `n familie van Durban aangeneem.		Verward met lydende vorme en tye van die werkwoord.		1	

NO		VERWAGTE ANTWOORD	PUNT	DIAGNOSTIESE ANALISE	Kognitiewe vlak (M, G, U)	Vlak van prestatie	Grada
4.16	A	Die hond	1	Korrekte antwoord.	M	4	4
	B	`n trein		Buite konteks. Verwar onderwerp en voorwerp.		3	
	C	omgery		Buite konteks. Verwar onderwerp en werkwoord.		2	
	D	`n		Geen kennis van onderwerp, voorwerp en gesegde nie.		1	
4.17	A	gesond.		Buite konteks. Het nie woordeskat om aksie te beskryf.		3	4
	B	beseer.		Buite konteks. Verstaan nie die storie nie.		2	
	C	gelukkig.	1	Korrekte antwoord.	U	4	
	D	vlieënde		Buite konteks. Geen woordeskat		1	
4.18	A	Direkte rede		Buite konteks. Verstaan nie soorte sinne.		1	4
	B	Uitroepsin		Verward met sinsoorte.		2	
	C	Stelsin	1	Korrekte antwoord.	G	4	
	D	Bevelsin		Kan nie sinsoorte uitken nie.		3	
4.19	A	ongeloof		Verstaan nie voorvoegsels nie.		2	6
	B	geloof		Verwar voorvoegsels met agtervoegsels.		3	
	C	ongelooflik	1	Korrekte antwoord.	M	4	
	D	hartseer		Verwar voorvoegsels met werkwoord.		1	
4.20	A	alliterasie.		Verwar beeldspraak met vergelykings.		2	6
	B	metafoor.		Verwar beeldspraak met antonieme.		1	
	C	antoniem.		Verwar vergeleykings met metafoor.		3	
	D	vergelyking.	1	Korrekte antwoord.	M	4	
4.21	A	Die verslaggewer het gesê dat ek regtig daardie hond bewonder het.		Verstaan nie Direkte en Indirekte rede nie. Gebruik nie aanhanlingstekens nie.		2	6

	B	Die verslaggewer het gesê, "Ek bewonder regtig daardie hond."	1	Korrekte antwoord.	G	4	
	C	Die verslaggewer het gesê, Ek bewonder regtig aarddie hond.		Verstaan nie die konsep van aanhalingstekens nie.		3	
	D	Die verslaggewer het die hond aangeneem.		Verstaan nie die vraag en konsep nie.		1	

NO		VERWAGTE ANTWOORD	PUNT	DIAGNOSTIESE ANALISE	Kognitiwe vlak (M, G, U)	Vlak van prestatie	Graad
4.22	A	moet		Weet nie wanneer om moet en moes te gebruik nie.		3	4
	B	moes	1	Korrekte antwoord.	M	4	
	C	het		Verward met tye van die werkwoord.		2	
	D	wil		Verstaan nie konsepte en tye van die werkwoord nie.		1	
4.23	A	vyande		Buite konteks.		1	5
	B	jonger	1	Korrekte antwoord.	M	4	
	C	ouer		Verward met teenoorgestelde betekenis.		2	
	D	bejaarde		Kan nie teenoorgestelde betekenis van woord gee nie. Gee 'n sinoniem.		3	

Vraag Vyf: Inligtingsteks

NO		VERWAGTE ANTWOORD	PUNT	DIAGNOSTIESE ANALISE	Kognitiewe vlak (M, G, U)	Vlak van prestatie	Graad
5.1	A	kleurvolle		In konteks, maar verkeerde inligting is gesoeklees.		3	4
	B	dik		Buite konteks. Verstaan nie vraag nie.		1	
	C	groot	1	Korrekte antwoord.	M	4	
	D	ses		Verstaan nie teks of instruksie nie.		2	
5.2	A	28 km		Verkeerde interpretasie van vraag.		1	4
	B	86 cm		Buite konteks, maar verwارد met ander eenheid wat in teks voorkom.		2	
	C	48 km	1	Korrekte antwoord.	M	4	
	D	50 km		Buite konteks.		3	
5.3	A	tussen 85 en 86 grade is.		Kan nie konstektuele leidrade gebruik nie.		2	5
	B	nie meer as 100 grade is nie.		Korreleer nie met vraag nie.		1	
	C	bo 86 grade is.	1	Korrekte antwoord.	G	4	
	D	onder 86 grade is.		Gebruik nie kontekstuele leidrade nie.		3	
5.4	A	vang		Verstaan nie teks nie.		1	7
	B	tel		Maak verkeerde afleiding van woordbetekenis.		3	
	C	raai	1	Korrekte antwoord.	G	4	
	D	vlieg		Maak verkeerde afleiding. Rede. Skoenlappers kan vlieg.		2	
5.5	A	vlieg na natter gebiede gedurende winter.		Verkeerde begrip. Dink warm areas is natter.		3	7
	B	vlieg na warmer gebiede in die winter.	1	Korrekte antwoord.	G	4	
	C	word gedurende die winter in nette gevang.		Toon geen begrip van teks nie.		1	

	D	Lê eiers gedurende die wintermaande.		Woordeesk. Verstaan nie die woord emigreer nie.		2	
5.6	A	drie		Antwoord is in `n mate gesoeklees.		2	5
	B	vier		Te vinning gelees. Verwar pote met vlerke.		3	
	C	vyf		Kan nie vraag met teks assosieer.		1	
	D	ses	1	Korrekte antwoord.	M	4	

NO		VERWAGTE ANTWOORD	PUNT	DIAGNOSTIESE ANALISE	Kognitiewe vlak (M, G, U)	Vlak van prestatie	Graad
5.7	A	kop, borsstuk, agterlyf	1	Korrekte antwoord.	G	4	6
	B	vlerke, kop, borsstuk		Maak afleiding uit skets.		3	
	C	pote, bors, borsstuk		Verkeerde afleiding. Bors en borsstuk is dieselfde.		2	
	D	nek, kop, voete		Nie bekwaam om deeglik te lees en die regte terugvoer te gee nie.		1	
5.8	A	`n maat te vind, hitte te absorbeer en saam te smelt met die blomme.	1	Korrekte antwoord.	M	4	6
	B	mense absorbeer water en smelt saam met die vyande.		Nie bekwaam om deeglik te lees en die regte terugvoer te gee nie.		1	
	C	blomme, hitte te absorbeer en saam te smelt met `n maat.		Lees nie deeglik en gee nie regte terugvoer uit teks nie.		3	
	D	hitte, absorbeer blomme en vind `n maat.		Kan nie inligting analyseer en interpreteer nie.		2	
5.9	A	voorkoms.	1	Korrekte antwoord.	G	4	6
	B	gedrag.		Analiseer mening verkeerd uit die teks.		3	
	C	klimaat.		Geen woordeesk., ken nie woord nie. Beantwoord sonder om inligting in teks te ontleed.		2	
	D	dieet		Buite konteks		1	

5.10	A	drie		Verkeerde terugvoer. (Soekleesvaardighede ontbreek.)		3	7
	B	vier	1	Korrekte antwoord.	M	4	
	C	vyf		Gebruik nie teksinligting om antwoord te verskaf nie.		1	
	D	ses		Leesvaardighede ontbreek.		2	
5.11	A	Fase 1: ruspe, Fase 2: eiers, Fase 3: kokon, Fase 4: skoenlapper		Nie effektief gelees nie.		3	7
	B	Fase 1: ruspe, Fase 2: eiers, Fase 3: skoenlapper, Fase 4: kokon		Kan nie visuele inligting ontleed om dit in geskrewe vorm te beantwoord nie.		2	
	C	Fase 1: eiers Fase 2: ruspe, Fase 3: kokon, Fase 4: skoenlapper	1	Korrekte antwoord.	U	4	
	D	Fase 1: blare, Fase 2: ruspe , Fase 3: kokon, Fase 4: skoenlapper		Buite konteks. Verkeerde kronologiese orde.		3	

NO		VERWAGTE ANTWOORD	PUNT	DIAGNOSTIESE ANALISE	Kognitiewe vlak (M, G, U)	Vlak van prestatie	Graad
5.12	A	Behoort skoenlappers bye en motte almal tot die insekfamilie?		Kan nie punttuasiereëls korrek toepas nie.		1	6
	B	Skoenlappers, Bye en Motte behoort tot die insekfamilies.		Verkeerde gebruik van hoofletters. Vaardighede in leestekens ontbreek.		2	
	C	Skoenlappers, bye en motte behoort tot die insekfamilie.	1	Korrekte antwoord.	G	4	
	D	Skoenlappers bye en motte behoort almal aan dieinsekfamilie.		Herken nie die gebruik van kommas nie..		3	
5.13	A	skoenlaper		Verstaan nie die begrip nie.		2	4
	B	skoenlappers	1	Korrekte antwoord.	M	4	
	C	skoenlapers		Ken nie meervoudvorm nie.		3	
	D	skoenelapper		Pas nie spelreëls toe nie.		1	

5.14	A	skoenlappers		Kan nie byvoeglike naamwoord identifiseer nie.		2	6
	B	tropiese	1	Korrekte antwoord.	G	4	
	C	word		Verstaan nie werkwoorde nie		3	
	D	in		Verstaan nie die vraag nie. Identifiseer `n voorsetsel.		1	
5.15	A	Skoenlappers is besig om vier keer gedurende hulle leeftyd te verander.		Verstaan nie toekomende tyd nie.		2	6
	B	Skoenlappers wil vier keer gedurende hulle leeftyd verander.		Verwar wil en sal in toekomende tyd.		3	
	C	Skoenlappers sal vier keer gedurende hulle leeftyd verander.	1	Korrekte antwoord.	G	4	
	D	Skoenlappers verander nie gedurende hulle leeftyd nie.		Buite konteks. Gee ontkennende vorm weer.		1	
5.16	A	Mnr Khune het gesê hy hou van om skoenlappers in die tuin dop te hou.		Verander nie die tydsvorme nie. Pas nie reëls korrek toe nie.		3	6
	B	Mnr Khune het gesê dat hy daarvangehou het om skoenlappers in die tuin dop te hou.	1	Korrekte antwoord.	U	4	
	C	Mnr Khune het gesê, Ek het daarvan gehou om skoenlappers in die tuin dop te hou.		Verander nie voornaamwoord tot 3de persoon nie.		2	
	D	Hou Mnr Khune daarvan om skoenlappers in die tuin dop te hou?		Verstaan nie die konsep nie.		1	
NO		VERWAGTE ANTWOORD	PUNT	DIAGNOSTIESE ANALISE	Kognitiewe vlak (M, G, U)	Vlak van prestasie	Graad
5.17	A	Blare en blomme is besig om deur ruspes geëet te word.		Verstaan lydende vorm verkeerd. Gebruik werkwoord verkeerd.		3	6
	B	Blare en blommme word deur ruspes geëet.	1	Korrekte antwoord.	G	4	

	C	Blare en blomme is geëet deur ruspes.		Ruil die onderwerp en voorwerp verkeerdelik om.		2	
	D	“Ruspes eet blare en blomme.”		Verward met lydende en bedrywende vorme.		1	
5.18	A	help	1	Korrekte antwoord	U	4	6
	B	benodig		Weet nie wat die woord beteken nie. (woordeskat.)		2	
	C	bron		Nie voldoende wordeskat om 'n sinoniem te vind nie	U	3	
	D	dien		Kan nie sinonieme herken nie.		1	
5.19	A	hou aan beweeg		Verkeerde soeklees vaardighede.		1	6
	B	kilometer	1	Korrekte antwoord.	G	4	
	C	kilogram		Verwar inligting.		3	
	D	kamer		Geen kennis van afkortings.		2	
5.20	A	onmoontlik	1	Korrekte antwoord.	G	4	5
	B	moontlikheid		Verwar voorvoegsels met agtervoegsels.		2	
	C	gemoontlik		Gee agtervoegsel.		3	
	D	vermoontlik		Ken nie die konsep van voorvoegsels nie. Buite konteks.		1	
5.21	A	ek		Leerder gee net voornaamwoord.		3	7
	B	hy		Leerder kyk net na die woord pa.		1	
	C	hulle		Gebruik voornaamwoord verkeer.		2	
	D	ons	1	Korrekte antwoord.	U	4	
5.22	A	vly		Korrekte antwoord.	G	L4	6
	B	vlui		Verwar homofone.		L1	
	C	flei		Verwar homofone.		L2	
	D	fly		Ken nie die vaardighede om homofone te identifiseer nie.		L3	
5.23	A	sodra	1	Korrekte antwoord.	U	4	6
	B	voor		Verstaan die konsep, maar nie relevant tot die teks nie.		3	
	C	alvorens		Kan nie volgorde van gebeure onderskei nie.		2	
	D	hoekom		Verstaan nie die vraag nie.		1	

NO		VERWAGTE ANTWOORD	PUNT	DIAGNOSTIESE ANALISE	Kognitiewe vlak (M, G, U)	Vlak van prestasie	Graad
5.24	A	Selfstandige naamwoord		Verwar selfstandige naamwoorde met abstrakte selfstandige naamwoorde.		3	7
	B	Abstrakte selfstandige naamwoord		Korrekte antwoord	G	3	
	C	Byvoeglike naamwoord	1	Verwar byvoeglike naamwoord met abstrakte selfstandige naamwoord		4	
	D	Voegwoord		Verstaan nie woordsoorte nie.		2	
5.25	A	assonansie		Ken nie die verskil tussen assonansie en alliterasie nie.		3	7
	B	alliterasie	1	Korrekte antwoord.	G	4	
	C	metafoor		Verstaan nie beelspraak nie.		2	
	D	vergelyking		Verwar beelspraak met vergelykings.		1	

Vraag Ses: Kreatiewe skryfwerk - Opstel

Kriteria	GRAAD 7	GRAAD 6	GRAAD 5	GRAAD 4
Inhoud (Reageer op; organisering van idees, bewus van die doel) 10 Punte	9-10 <ul style="list-style-type: none"> • Hou by onderwerp. • Intelligenet redenasies – uitdagende en gevorde idees. • Uitstekend georganiseer(inleiding, middel and conclusion/ slot) fyn besonderhede en samehangend. • Uitstekende uitbreidung van onderwerp. • Bereik doel en kriteria op `n uitmuntende manier. 	6-8 <ul style="list-style-type: none"> • Hou by die onderwerp met min afwyking. • Idees is redelik samehangend en oortuigend oorgedra. • Opstel is georganiseer in die korrekte struktuur (inleiding, middel en slot/end). • Logiese uitbreidung van onderwerp • Die doel en kriteria is bereik. 	3-5 <ul style="list-style-type: none"> • Hou soms by die onderwerp • Gee soms idees wat oortuigend en samehangend weergegee is. • Instaat om somme idees oortuigend oor te dra. • Opstel toon min bewyse van struktuur en organisasie. (inleiding, middel en slot/end.) • Inhoud maak gedeeltelik sin. • Die doel en kriteria is soms bereik. 	1-2 <ul style="list-style-type: none"> • Hou glad nie by die onderwerp nie. • Nie instaat om idees oortuigend en samehangend weer te gee nie. • Opstel toon geenbewyse van struktuur en organisasie. (inleiding, middel en slot/end.) • Inhoud maak geen sin nie. • Die doel en kriteria is nie bereik nie.
Taalstruktura Sinskonstruksie, registesstrukture, toon, woordkeuse, taal spelling en punktuasie 5 Punte	5 <ul style="list-style-type: none"> • Effektiewe en korrekte sinstruktuur (sinsbou.) • Register,styl en toon uitmuntend gebruik en voldoen aan (vereistes en kriteria van opstel.) • Uitstaande gebruik van woordeskat wat teksgebonde is. • Korrekte taalgebruik, spelling en punktuasie. 	4 <ul style="list-style-type: none"> • Korrekte sinstruktuur (sinsbou.) • Register,styl en toon word meestel gebruik en voldoen aan (vereistes en kriteria van opstel.) • Genoegsame en `n verskeidenheid woordeskat wat teksgebonde is word gebruik. 	3 <ul style="list-style-type: none"> • Foute in sinstruktuur (sinsbou.) • Register,styl en toon nie voldoende gebruik en voldoen nie heeltemal aan (vereistes en kriteria van opstel.) • Matige gebruik van woordeskat wat teksgebonde is. 	1-2 <ul style="list-style-type: none"> • Toon min kennis van sinsbou. • Register,styl en toon voldoend geensins aan die (vereistes van `n opstel nie) • Register,styl en toon voldoende geensins (vereistes en kriteria van opstel.) • Baie beperkte woordeskat • Baie foute in taalgebruik, spelling en punktuasie.

		<ul style="list-style-type: none"> • `n Paar foute in taalgebruik, spelling en punktuasie. 	<ul style="list-style-type: none"> • Heelwat foute in taalgebruik, spelling en punktuasie. 	
Beplanning, Struktuur en Lengte 5 Punte	5 <ul style="list-style-type: none"> • Effektiewe en korrekte register, styl en toon om `n foutlose opstel aan te bied. • Register,styl en toon. • Uitmuntende inleiding en slot. • .Opstel is 250-300 woorde. • Opstel nie meer as 300 woorde nie. 	4 <ul style="list-style-type: none"> • Beplanning was goenoegsaam om `n aanvaarbare opstel aan te bied. • Goeie inleiding en slot. • .Opstel is 140 tot 150 woorde. • Opstel is te lank, maar nie meer as150 woorde. 	3 <ul style="list-style-type: none"> • Beplanning was gemiddeld om `n gemiddelde opstel aan te bied. • Nie toepalike inleiding en slot nie. • Opstel is te kort. (Slegs 100 woorde.) • Opstel is te lank. (nie meer as 220 woorde.) 	2-1 <ul style="list-style-type: none"> • Onbevoeg om beplanning te doen. Swak opstel. • Nie `n inleiding en slot nie. • Opstel is te kort. Minder as 50 woorde.) Opstel is te lank (Nie meer as 250 woorde.)

Vraag Sewe. Transaksionele Teks - Dialoog

KRITERIA	GRAAD 7	GRAAD 6	GRAAD 5	GRAAD 4
INHOUD (Terugvoer; organisasie/orde van idees; bewus van doel.)	9-10	6-8	3-5	1-2
10 punte	<ul style="list-style-type: none"> • Hou uitstekend by die onderwerp. • Uitstaande terugvoer bo die normale vereistes omtrent die belangrike kenmerke van die transaksionele teks weer te gee/ • Uitstaande ontwerp/ontwikkeling van inhoud. • Uitstekende gedetailleerde/beskrywende inligting wat bydra tot die inhoud van teks. • Uitstekende bereiking van die doelwit. 	<ul style="list-style-type: none"> • Hou by onderwerp met min afwykings • Voldoen aan die vereistes om die kenmerke van die transaksionele teks weer te gee. • Inhoud gaan wel oor die onderwerp/ • Beskrywings ondersteun die onderwerp. • Doelwit bereik. 	<ul style="list-style-type: none"> • Hou soms by die onderwerp. • Voldoen aan die basiese vereistes om die kenmerke van die transaksionele teks weer te gee. • Matige inhoud, maar sommige ondersteun die die onderwerp nie. • Min beskrywende inligting om onderwerp te ondersteun. • Doelwit gedeeltelik bereik. 	<ul style="list-style-type: none"> • Hou glad nie by onderwerp nie. • Toon geen kennis van die kenmerke van 1n transaksionele teks nie. • Kan nie idees duidelik weergee nie. idees is nie aanvaarbaar. • Beskrywing ondersteun nie die onderwerp nie. • Doelwit nie bereik nie.
Taalstrukture (Sinstruktuur; register, style ,toon; woordkeuse; taalstruktur, spel en punktuasie)	5	4	2-3	0-1
5 Punte	<ul style="list-style-type: none"> • Effektiewe en korrekte sinstruktuur (sinsbou.) • Register,styl en toon uitmuntend gebruik en voldoen aan (vereistes en kriteria van opstel.) • Uistaande gebruik van woordeskat wat teksgebonde is. 	<ul style="list-style-type: none"> • Korrekte sinstruktuur (sinsbou.) • Register,styl en toon word meestel gebruik en voldoen aan (vereistes en kriteria van opstel.) • Genoegsame en `n verskeidenheid woordeskat wat teksgebonde is word gebruik. 	<ul style="list-style-type: none"> • Foute in sinstruktuur (sinsbou.) • Register,styl en toon nie voldoende gebruik en voldoen nie heeltemal aan (vereistes en kriteria van opstel.) • Matige gebruik van woordeskat wat teksgebonde is. 	<ul style="list-style-type: none"> • Toon min kennis van sinsbou. • Register,styl en toon voldoend geensins aan die (vereistes van `n opstel nie) • Register,styl en toon voldoende geensins (vereistes en kriteria van opstel.) • Baie beperkte woordeskat

	<ul style="list-style-type: none"> Korrekte taalgebruik, spelling en punktuasie. 	<ul style="list-style-type: none"> ‘n Paar foute in taalgebruik, spelling en punktuasie. 	<ul style="list-style-type: none"> Heelwat foute in taalgebruik, spelling en punktuasie. 	<ul style="list-style-type: none"> Baie foute in taalgebruik, spelling en punktuasie.
	5	4	2-3	0-1
Formaat, Vorm Lengte en beplanning 5 Punte	<ul style="list-style-type: none"> Toepaslike en aanvaarbare formaat. Elke verteller op ‘n nuwe reël. Geen aanhalingsteken by verteller se woorde. Dubbelpunt na elke verteller se naam. Lengte is 160-180 woorde Nie meer as 180 woorde/ .Beplanning is foutloos aangebied. 	<ul style="list-style-type: none"> Aanvaarbare formaat met min foute. Geen aanhalingsteken by verteller se woorde. Dubbelpunt na elke verteller se naam. Lengte is 160-180 woorde/ Terugvoer is lank maar nie meer as 200 woorde. . Beplanning lei tot ‘n aanvaarbare teks..` 	<ul style="list-style-type: none"> Noodsaaklike reëls vir die formaat van ‘n dialoog is gedeeltelik toegepas. Elke verteller op ‘n nuwe reël. Geen aanhalingsteken by verteller se woorde. Dubbelpunt na elke verteller se naam. Terugvoer te kort (130-150 woorde.) Terugvoer te lank (201-220 woorde.) Beplanning lei tot ‘n gemiddelde teks. 	<ul style="list-style-type: none"> Noodsaaklike reëls vir formaat is nie toegepas nie. Te min inhoud. Minder as 120 woorde. Terugvoer te lank 220.. Onbekwaam om ‘n beplanning te doen.
TOTAAL: 20 /2 = 10				

Vraag Agt: Transaksionele teks: Brief

Kriteria	GRAAD 7	GRAAD 6	GRAAD 5	GRAAD 4
INHOUD (Terugvoer; organisasie/orde van idees; bewus van doel.) 10 Punte	9-10 <ul style="list-style-type: none"> • Hou uitstekend by die onderwerp. • Uitstaande terugvoer bo die normale vereistes om die belangrike kenmerke van die transaksionele teks weer te gee/. (Brief) • Uitstaande ontwerpontwikkeling van inhoud. • Uitstekende gedetailleerde/beskrywende inligting wat bydra tot die inhoud van teks. • Uitstekende bereiking van die doelwit. 	6-8 <ul style="list-style-type: none"> • Hou by onderwerp met min afwykings • Voldoen aan die vereistes om die kenmerke van die transaksionele teks weer te gee. (Brief) • Inhoud gaan wel oor die onderwerp/ • Beskrywings ondersteun die onderwerp. Doelwit bereik. – Brief te kan skryf. 	3-5 <ul style="list-style-type: none"> • Hou soms by die onderwerp. • Voldoen aan die basiese vereistes om die kenmerke van die transaksionele teks weer te gee. (Brief) • Matige inhoud, maar sommige ondersteun die die ondewerp nie. • Min beskrywende inligting om onderwerp te ondersteun. • Doelwit gedeeltelik bereik. (Brief te kan skryf.) 	0-2 <ul style="list-style-type: none"> • Hou glad nie by onderwerp nie. • Toon geen kennis van die kenmerke van 1n transaksionele teks nie. (Brief) • Kan nie idees duidelik weergee nie. idees is nie aanvaarbaar. • Beskrywing ondersteun nie die onderwerp nie. • Doelwit nie bereik nie. (Kan nie brief skryf nie.) .
Taalstruktura (Sinstruktuur; register, styl ,toon; woordkeuse; taalstruktuur, spel en punktuasie) 5 Punte	5 <ul style="list-style-type: none"> • Effektiewe en korrekte sinstruktuur (sinsbou.) • Register,styl en toon uitmuntend gebruik en voldoen aan (vereistes en kriteria van transaksionele teks.) • Uistaande gebruik van woordeskat wat teksgebonde is. • Korrekte taalgebruik, spelling en punktuasie. 	4 <ul style="list-style-type: none"> • Korrekte sinstruktuur (sinsbou.) • Register,styl en toon word meestel gebruik en voldoen aan (vereistes en kriteria van transaksionele teks.) • Genoegsame en `n verskeidenheid woordeskat wat teksgebonde is word gebruik. • `n Paar foute in taalgebruik, spelling en punktuasie. 	2-3 <ul style="list-style-type: none"> • Foute in sinstruktuur (sinsbou.) • Register,styl en toon nie voldoende gebruik en voldoen nie heeltemal aan (vereistes en kriteria van transaksionele teks.) • Matige gebruik van woordeskat wat teksgebonde is. • Heelwat foute in taalgebruik, spelling en punktuasie. 	0-1 <ul style="list-style-type: none"> • Toon min kennis van sinsbou. • Register,styl en toon voldoend geensins aan die (vereistes van `n transaksionele teks nie.) • Register,styl en toon voldoende geensins (vereistes en kriteria van brief.) • Baie beperkte woordeskat • Baie foute in taalgebruik, spelling en punktuasie.

	5	4	2-3	0-1
Formaat, Vorm Lengte en Beplanning 5 Punte	<ul style="list-style-type: none"> • Toepaslike en aanvaarbare formaat. • Adres • Gesikte inleiding – Groet • Gesikte afleiding/ Slot • Naam • Lengte is 100 – 120 woede • Nie meer as 180 woorde. • Beplanning is foutloos aangebied. • Kreatiewe skryfstuk. 	<ul style="list-style-type: none"> • Aanvaarbare formaat met min foute • Adres • Gesikte inleiding – Groet • Gesikte afleiding/ Slot • Naam • Lengte is 100-120 woorde. • Terugvoer is lank, maar nie meer as 200 woorde. • Beplanning lei tot `n aanvaarbare teks. 	<ul style="list-style-type: none"> • Noodsaaklike reëls vir die formaat • Adres • Gesikte inleiding – Groet • Gesikte afleiding/ Slot • Naam • Terugvoer te kort (130-150 woorde.) • Terugvoer te lank (201-220 woorde.) • Beplanning lei tot `n gemiddelde teks. 	<ul style="list-style-type: none"> • Noodsaaklike reëls vir formaat is nie toegepas nie. • Adres • Gesikte inleiding – Groet • Gesikte afleiding/ Slot • Naam • Te min inhoud. Minder as 120 woorde. • Terugvoer te lank 220.. • Onbekwaam om `n beplanning te doen. • Onvoldoende teks (brief.)
TOTAAL: 20 /2 = 10				

Vraag Nege : Transaksionele teks. Koerantberig

Kriteria	GRAAD 7	GRAAD 6	GRAAD 5	GRAAd 4
INHOUD (Terugvoer; organisasie/orde van idees; bewus van doel.) 10 Punte	9-10 <ul style="list-style-type: none"> • Hou uitstekend by die onderwerp. • Uitstaande terugvoer bo die normale vereistes om die belangrike kenmerke van die transaksionele teks (Koerantberig) weer te gee. • Uitstaande ontwerp/ontwikkeling van inhoud. • Uitstekende gedetailleerde/ beskrywende inligting wat bydra tot die inhoud van teks. • Uitstekende bereiking van die doelwit. 	6-8 <ul style="list-style-type: none"> • Hou by onderwerp met min afwykings • Voldoende aan die vereistes om die kenmerke van die transaksionele teks weer te gee. (Koerantberig) • Inhoud gaan wel oor die onderwerp/ • Beskrywings ondersteun die onderwerp. Doelwit bereik. 	3-5 <ul style="list-style-type: none"> • Hou soms by die onderwerp. • Voldoen aan die basiese vereistes om die kenmerke van die transaksionele teks weer te gee. (Koerantberig) • Matige inhoud, maar sommige ondersteun die die ondewerp nie. • Min beskrywende inligting om onderwerp te ondersteun. • Doelwit gedeeltelik bereik. 	1-2 <ul style="list-style-type: none"> • Hou glad nie by onderwerp nie. • Toon geen kennis van die kenmerke van n transaksionele teks nie.(Koerantberig) • Kan nie idees duidelik weergee nie. • idees is nie aanvaarbaar. • Beskrywing ondersteun nie die onderwerp nie. • Doelwit nie bereik nie. .
Taalstruktura (Sinstruktuur; register, styl ,toon; woordkeuse; taalstruktuur, spel en punktuasie.) 5 Punte	4-5 <ul style="list-style-type: none"> • Effektiewe en korrekte sinstruktuur (sinsbou.) • Register,styl en toon uitmuntend gebruik en voldoen aan (vereistes en kriteria van koerantberig.) • Uistaande gebruik van woordeskat wat teksgebonden is. • Korrekte taalgebruik, spelling en punktuasie. 	3 <ul style="list-style-type: none"> • Gesikte sinstruktuur (sinsbou.) • Register,styl en toon word meestel gebruik en voldoen aan (vereistes en kriteria van koerantberig.) • Genoegsame en `n verskeidenheid woordeskat wat teksgebonden is word gebruik. • `n Paar foute in taalgebruik, spelling en punktuasie. 	2 <ul style="list-style-type: none"> • Foute in sinstruktuur (sinsbou.) • Register,styl en toon nie voldoende gebruik en voldoen nie heeltemal aan (vereistes en kriteria van koerantberig.) • Matige gebruik van woordeskat wat teksgebonden is. • Heelwat foute in taalgebruik, spelling en punktuasie. 	0-1 <ul style="list-style-type: none"> • Toon min kennis van sinsbou. • Register,styl en toon voldoend geensins aan die (vereistes van `n koerantberig nie.) • Register,styl en toon voldoende geensins (vereistes en kriteria koerantberig nie • Baie beperkte woordeskat • Baie foute in taalgebruik, spelling en punktuasie.

	4-5	3	2	0-1
Formaat, lengte en vertelling 5 Punte	<ul style="list-style-type: none"> • Toepaslike en aanvaarbare formaat. • Lengte is 110-120 woorde • Nie meer as 120 woorde/ • Beplanning is foutloos aangebied. 	<ul style="list-style-type: none"> • Aanvaarbare formaat met min foute • Lengte is 80-120 woorde. • Terugvoer is lank, maar nie meer as 140 woorde. • Beplanning lei tot `n aanvaarbare teks. 	<ul style="list-style-type: none"> • Noodsaaklike reëls vir die formaat gedeeltelik toegepas. • Terugvoer te kort (80-100 woorde.) • Terugvoer te lank (140-160 woorde.) • Beplanning lei tot `n gemiddelde teks. 	<ul style="list-style-type: none"> • Noodsaaklike reëls vir formaat is nie toegepas nie. • Terugvoer te kort (40-60 woorde.) • Terugvoer te lank meer as 160 woorde • Onbekwaam om `n beplanning te doen.
TOTAAL: 20 /2 = 10				

GRADE 9 AFRIKAANS HOME LANGUAGE DIAGNOSTIC QUESTIONS & MEMO



DIAGNOTIESE HULPBRONNE

SENIOR FASE

HUISTAAL: AFRIKAANS

GRAAD 9

Nota aan die onderwyser:

1. Hierdie "toets" dien as 'n diagnostiese assesseringsinstrument.
2. Lees asseblief die onderwysersgids voordat u hierdie toetse gebruik.
3. U mag die toets aanwend in ooreenstemming met die afdelings / of die vrae.
4. U mag die toets verder opbreek in ooreenstemming met die afdelings / vrae na aanleiding van die vaardighede / moeilikheidsgraad / kwartale / grade.
5. Die keuse van vrae sal afhang van die doel van die assessoring. Bv. U mag wil vasstel of die Graad 9-leerders in u klas vaardig is in Lees en Kyk op Graad 7 en 8-vlak. U sal dus al die vrae van Vraag 1 op Graad 7 en 8-vlak kies. Dit mag dus dien as aanvangsassessering wat aan die begin van die jaar gedoen sal word. U kan u beplanning dus aan die hand van die diagnostiese analyse van die aanvangsassessering doen. U kan op 'n soortgelyke manier vrae kies na aanleiding van die verskillende kognitiewe vlakke in die KABV en die doel van die assessoring.

Let asseblief daarop dat die opskrifte bo elke vraag, soos hieronder aangedui, inligting in die volgende volgorde voorsien: tipe teks, vakkomponent, inhoud/konsep of vaardigheid, graadvlek van die vraag, moeilikheidsgraad en kwartaal (waarin die inhoud/vaardigheid onderrig moet word, bv:

Konteks	Vaardigheid	Inhoud/Konsep/ subvaardigheid	Kognitiewe vlak	Graad	Moeilikheids graad	Kwartaal
Verhalend	Lees en kyk	Karakters in die storie.	L	1	E	2

Dit word daarna as volg bo aan elke vraag aangedui:

Verhalend	Lees en kyk	Karakters in die storie.		1	E	2
-----------	-------------	--------------------------	--	---	---	---

VRAAG 1

Lees die volgende teks noukeurig en beantwoord die vrae.

LEESSTUK 1: TYDSKRIFARTIKEL

JA, MAAR IS HULLE WERKLIK VRIENDE?

- 1 Facebook noem kontakte op hul sosiale netwerk "vriende", wat in sommige gevalle heeltemal teenstrydig kan wees. Wanneer 13-jariges vir die eerste keer op Facebook aanteken, spandeer hul die eerste jaar of twee baie tyd daarvan om met soveel as moontlik mense bevriend te raak. Dit is 'n "prestasie" om te kan spog oor die aantal vriende wat jy op 'n sosiale netwerk het.
- 2 Hoeveel van hierdie "vriende" ken hulle werklik? Wanneer ons jongmense hierdie vraag in ons praatjies of werkswinkels vra, is dit duidelik dat baie, indien nie die meeste nie, van hierdie "vriende", vreemdelinge is. Deur vreemdelinge as vriende op Facebook te aanvaar, is soos om te ryloop en om 'n geleentheid van 'n vreemdeling te aanvaar.
- 3 Dit is tipiese gewaagde gedrag van tieners. Dit is dikwels vir hulle moeilik om te verstaan dat baie mense met wie hulle bevriend is, hulle kan voordoen as iemand wat hulle nie is nie. 'n Digitale "persoon" kan leuens vertel en 'n ander persoon se foto's gebruik. 'n "Vriend" kan 'n 50-jarige man wees wat hom as 'n 16-jarige meisie voordoen. Jou kinders sal geen idee hê wie hulle in hul wêreld innooi en wat die potensiële gevaar van so 'n uitnodiging inhoud nie.

Hulle kan hul byvoorbeeld blootstel aan afloerders, jagters, pedofiele en kuberboelies. Hierdie is werklike gevare wat nie ligtelik opgeneem moet word nie.

- 4 Maak seker jou kinders weet dat hulle bewustelike keuses met gevolge maak wanneer hulle 'n vriendskapsuitnodiging op Facebook aanvaar. Net omdat 'n vriend van jou bevriend is met iemand anders, beteken nie julle moet ook vriende wees nie. So het 'n ma wat *Net Nanny Social* gebruik het om haar dogter se aanlyn aktiwiteite te monitor, uitgevind.
- 5 Hierdie ma het 'n paar dae gelede 'n waarskuwing ontvang oor haar dogter se vriende op Facebook. Nadat sy dit opgevolg het, het sy ontdek dat iemand wat 'n vriendskapsversoek aan haar dogter gestuur het, 'n vreemdeling was. Haar dogter het die versoek aanvaar omdat ander vriende van haar dit gedoen het. Sy het gedink dit is onaanvaarbaar vir die "ouer vriend", om met tieners bevriend te wees en het by ander ouers navraag gedoen. Dit het duidelik geword dat nie een van die ander kinders die man geken het nie. Almal het aangeneem dat hul vriende die man ken!
- 6 "Ek het dieper gegrawe," het sy gesê en ontdek dat die sogenaamde vriend in ons buurt woonagtig is en in die register vir seksuele oortreders opgeteken is. Natuurlik het ek hierdie inligting met ander ouers gedeel, my bekommernis aan Facebook gerapporteer en toegesien dat my dogter haar vriendskap op Facebook met hierdie karakter beëindig.
- 7 Maak seker dat jou kind weet hoe om vriendskappe op Facebook en ander sosiale netwerke te beëindig.

[Aangepas uit: www.popularmechanics.co.za

Konteks	Vaardigheid	Subvaardigheid	Kognitiewe vlak	Graad	Moeilikheidsgraad	Kwartaal
Tydskrifartikel	Lees en Kyk	Lees en Kyk vir begrip-hoofgedagte	L	9	M	3

1.1 Wat is die hoofgedagte van die artikel?

- A Dit is belangrik om met baie mense op Facebook bevriend te wees.
- B Nie alle vriende op Facebook is mense wat jy ken nie.
- C 13-jariges hou daarvan om met hul Facebook vriende te spog.
- D Die Internet word benodig om op Facebook te gaan. (1)

Tydskrifartikel	Taalskruksture en Konvensies	Woordvlakwerk-byvoeglike naamwoord	L	8	M	1,2,3
-----------------	------------------------------	------------------------------------	---	---	---	-------

1.2 Watter woordsoort is die woord "gewaagde" (paragraaf 3)?

- A voorsetsel
- B byvoeglike naamwoord
- C bywoord
- D werkwoord (1)

Tydskrifartikel	Lees vir begrip:doel van die teks	Identifideer die doel van die teks	A	9	G	2
-----------------	-----------------------------------	------------------------------------	---	---	---	---

1.3 Identifiseer die doel van die artikel. Om ...

- A inligting te gee oor hoe 13-jariges Facebook gebruik.
- B jongmense te leer hoe om vriendskappe op sosiale netwerke te beëindig.
- C ouers te waarsku oor hul kinders se Facebook vriende.
- D jongmense wat Facebook gebruik, te veroordeel. (1)

Tydkrifartikel	Lees en Kyk	Lees vir begrip-konnotatiewe betekenis van die woord	A	10	G	
----------------	-------------	--	---	----	---	--

1.4 Waarom word die woord “vriende” (paragraaf 1) tussen aanhalingstekens geskryf?

Vriende op Facebook is ...

- A nie altyd oopregte vriende nie.
- B altyd vreemdelinge.
- C slegte vriende.
- D speelmaats.

(1)

Tydkrifartikel	Lees en Kyk	Lees vir begrip:maak ‘n afleiding van die toon/stemming van die skrywer	A	9	G	2
----------------	-------------	---	---	---	---	---

1.5 Wat is die stemming van die woorde, “ prestasie” (paragraaf 1)?

- A Opgewondenheid
- B Hartseer
- C Vrees
- D Selfvoldaan

(1)

Tydkrifartikel	Lees vir begrip:lei betekenis van onbekende woorde af	Maak afleidings oor die betekenis van woorde	A	9	G	1,2,3
----------------	---	--	---	---	---	-------

1.6 Wat beteken die onderstaande frase?

“... om nie ligtelik opgeneem te word nie.” (laaste sin, paragraaf 3).

- A ‘n Ernstige aangeleentheid
- B Nie belangrik nie
- C Om swaar te wees
- D Van geringe gewig

(1)

Tydskrifartikel	Taalstruktuur en Konvensies	Woordvlakwerk: maak afleidings oor die betekenis van woorde	L	7	M	1,2,3
-----------------	-----------------------------	---	---	---	---	-------

1.7 Wat beteken dit om jou vriendskap op Facebook te beëindig?

- A Kommunikeer met 'n vriend
- B Om nie meer vriende te wees nie
- C Rapporteer 'n vriend
- D Beledig 'n vriend

(1)

Tydskrifartikel	Taalstrukture en Konvensies	Woordvlakwerk: identifiseer beeldspraak	L	9	M	1,2,3
-----------------	-----------------------------	---	---	---	---	-------

1.8 Identifiseer die beeldspraak in die volgende aanhaling.

Deur vreemdelinge as vriende op Facebook te aanvaar, is soos om te ryloop ... " (laaste sin, paragraaf 2).

- A Personifikasie
- B Alliterasie
- C Metafoor
- D Vergelyking

(1)

Tydskrifartikel	Taalstrukture en Konvensies	Spel en skryftekens: verstaan die gebruik van die uitroepteken	A	9	G	2
-----------------	-----------------------------	--	---	---	---	---

1.9 Wat verklap die uitroepteken oor die ma se emosies?

"Almal het aangeneem dat hul vriende die man ken! "

Sy is ...

- A geskok.
- B geïrriteerd.
- C gelukkig.
- D kwaad.

(1)

Tydskrifartikel	Taalstrukture en Konvensies	Woordvlakwerk: werkwoord	L Vlak 1	9	M	2
-----------------	-----------------------------------	-----------------------------	-------------	---	---	---

1.10.1 Voor Facebook het mense vriende ... deur mekaar te ontmoet.

- A maak
 - B sal maak
 - C wil maak
 - D gemaak
- (1)

Tydskrifartikel	Taalstrukture en Konvensies	Woordvlakwerk: werkwoord	L	9	M	2
-----------------	-----------------------------------	-----------------------------	---	---	---	---

1.10.2 Die telefoon ... antwoord dit asseblief.

- A lui
 - B sal lui
 - C gelui
 - D het gelui
- (1)

Tydskrifartikel	Taalstrukture en Konvensies	Lees vir begrip-lei die betekenis van onbekende woorde af	A	8	G	1,2,3,4
-----------------	-----------------------------	---	---	---	---	---------

1.11 Wat is kuberboelies (voorlaaste sin, paragraaf 3)? Boelies ...

- A op selfone en die Internet.
- B op die speelgrond.
- C wat vreemdelinge is.
- D wat ouer is.

(1)

Tydskrifartikel	Taalstrukture en Konvensies	Woordvlakwerk: vind 'n woord met dieselfde betekenis-sinonieme	L	9	M	3
-----------------	-----------------------------	--	---	---	---	---

1.12 Kies die korrekte sinoniem vir "spog" soos dit in paragraaf 1 gebruik word.

- A spot
- B skreeu
- C roem
- D praat

(1)

Tydskrifartikel	Taalstrukture en Konvensies	Woordvlakwerk: betekenis van woord- gee een woord vir 'n sin	L	9	M	1,2,3,4
-----------------	-----------------------------	--	---	---	---	---------

1.13 Gee een woord vir die uitdrukking, "Dit is dikwels vir hulle moeilik om te verstaan." (paragraaf 3).

- A misverstaan
- B onverstaanbaar
- C dink
- D gedagtes

(1)

Tydskrifartikel	Taalstrukture en Konvensies	Woordvlakwerk: eienaam	L	8	M	2
-----------------	-----------------------------	------------------------	---	---	---	---

1.14 Waarom word Facebook met 'n hoofletter geskryf?

(1)

Tydskrifartikel	Lees en Kyk	Maak 'n afleiding oor 'n feit of opinie	E	9	U	1,2,3
-----------------	-------------	---	---	---	---	-------

1.15 Is die onderstaande stelling 'n FEIT of 'n OPINIE?

Gee 'n rede vir jou antwoord.

Gewaagde gedrag is tipies van alle tieners.

(2)

Tydskrifartikel	Taalstrukture en Konvensies	Woordvlakwerk	L	9	M	1,2
-----------------	-----------------------------	---------------	---	---	---	-----

1.16 Kies die korrekte woord tussen hakies om die sin te voltooи.

(1.16.1)(Lui/lei/ly)kinders speel gereeld op hul selfone, daarom

(1.16.2)(lui/lei/ly) hul skoolwerk daaronder.

(2)

Tydskrifartikel	Taalstrukture en Konvensies	Woordvlakwerk : voorsetsels	L	9	M	2,3,4
-----------------	-----------------------------	-----------------------------	---	---	---	-------

1.17 Voorsien die korrekte voorsetsel om die sin te voltooи.

Ek is bekommerd (1.17.1) ... my kind wat bevriend is met vreemdelinge

(1.17.2) ... Facebook.

(2)

Tydskrifartikel	Taalstrukture en Konvensies	Sinsvlakwerk: Punktuasie van direkte rede	Lvlak 2	9	M	1,2
-----------------	-----------------------------	---	---------	---	---	-----

1.18 Kies die sin met die korrekte leestekens.

- A "Jy moet dit stop. Het sy geskree. "Om so gereeld aanlyn te wees sal jou studies beïnvloed!"
- B "Jy moet dit stop!" het sy geskree. "Om so gereeld aanlyn te wees, sal jou studies beïnvloed!"
- C "Jy moet dit stop! Het sy geskree. Om so gereeld aanlyn te wees sal jou studies beïnvloed."
- D Jy moet dit stop. het sy geskree. Om so gereeld aanlyn te wees sal jou studies beïnvloed!

(1)

Tydskrifartikel	Lees en Kyk	Lees vir begrip: konnotatiewe betekenis van woord	A	10	G	
-----------------	-------------	---	---	----	---	--

1.19 Wat word bedoel met die woord "jagter" (paragraaf 3)?

- A Om deur ander gejag te word
- B Om prooi te wees
- C Uitbuiting van ander

D Op prooi jagmaak

(1)

Tydkrifartikel	Taalstrukture en Konvensies	Woordvlakwerk: maak afleidings oor die figuurlike betekenis van woorde	A	9	G	1
----------------	-----------------------------	---	---	---	---	---

1.20 Wat is die figuurlike betekenis van die volgende frase: "...het dieper gegrawe..." (eerste sin, paragraaf 6)?

- A Probeer 'n bietjie inligting te bekom
- B Probeer om meer inligting te bekom
- C Mik 'n hou na iemand
- D Grawe 'n dieper gat

(1)

Tydkrifartikel	Taalstrukture en Konvensies	Woordvlakwerk: enkelvoud van selfstandige naamwoord	L	8	M	1
----------------	-----------------------------	--	---	---	---	---

1.21 Wat is die enkelvoud van die woord "kuberboelies"? (1)

Tydkrifartikel	Lees en Kyk	Lees vir begrip: beantwoord vraag	A	9	G	1
----------------	-------------	--------------------------------------	---	---	---	---

1.22 Waarom het die ma gedink haar dogter se "vriend" was onvanpas (paragraaf 5)? Hy was ...

- A die regte ouderdom om haar vriend te wees.
- B met ander tieners bevriend.
- C bekend aan die ander kinders .
- D te oud om haar vriend te wees.

(1)

Tydkrifartikel	Lees en Kyk	Lees vir begrip; beantwoord die vraag	L	9	M	1
----------------	-------------	--	---	---	---	---

1.23 Noem twee moontlike gevare uit die leesstuk, wat dit kan inhoud bevriend te raak met vreemdelinge op Facebook. (2)

Tydskrifartikel	Lees en Kyk	Lees vir begrip: maak afleidings met betreking tot die hoofgedagte. Voorsien 'n ander opskrif wat verband hou met die hoofgedagte.	A	9	G	1
-----------------	-------------	---	---	---	---	---

- 1.24 Voorsien die artikel van 'n ander gepaste opskrif. Die opskrif mag nie (2)
meer as vyf woorde wees nie.

VRAAG 2

LEESSTUK 2: VISUELE TEKS - ADVERTENSIE

Bestudeer die advertensie en beantwoord die vrae.

Soeke na kennis

BREINPRIKKEL

die tydskrif vol verrassings

Is jy die volgende Einstein?

Teken nou in en geniet die ^e soeke na kennis

Ook aanlyn, op selfone of iPad beskikbaar

Koel ol Tydskrifte

Available on the App Store

Woordelys

Einstein: 'n Wêreldberoemde wetenskaplike wat die Teorie van Relatiwiteit uitgelyf het.

Advertisie	Lees en Kyk	Lees teks vir inligting en begrip-teikengroep	A	9	G	2
------------	-------------	---	---	---	---	---

2.1 Wie is die teikengroep vir die advertensie?

- A Mense wat slegs op die Internet tydskrifte lees.

- B Vrouens wat skinderstories oor beroemdes lees.
 C Mense wat graag oor die wêreld lees.
 D Tieners wat slegs tydskrifte lees. (1)

Advertisie	Lees en Kyk	Lees teks vir begrip- lei die betekenis van onbekende woorde af	A	9	G	1,2,3,4
------------	-------------	---	---	---	---	---------

2.2 Wat beteken die titel “Breinprikkel”?

- A Die verkryging van breinkrag
 B Stimulasie van die brein
 C Die funksies van die brein
 D Oefening vir die brein (1)

Advertisie	Lees en Kyk	Lees teks vir begrip- lei die betekenis van onbekende woorde af	A	10	G	1,2,3,4
------------	-------------	---	---	----	---	---------

2.3 Wat beteken die woorde “Koel Tydskrifte”?

- A ‘n Prettige en moderne tydskrif
 B ‘n Interessante tydskrif
 C ‘n Vervelige tydskrif
 D ‘n Koue tydskrif (1)

Advertisie	Lees en Kyk	Lees teks vir begrip- identifiseer elemente van visuele teks	L	7	M	2
------------	-------------	--	---	---	---	---

2.4 Identifiseer die slagspreuk in die advertensie. (1)

Advertisie	Lees en Kyk	Lees teks begrip- manipulerende taalgebruik	E	9	U	2
------------	-------------	---	---	---	---	---

2.5 Hoe word Einstein deur die adverteerde gebruik om mense te oortuig om die tydskrif te koop? (1)

Advertisie	Lees en Kyk	Lees teks vir in begrip- beantwoord die vraag	A	9	G	1,2,3,4
